SAGES
SENIOR
GOLF-GHOLF

# NOTULE VAN KOMITEEVERGADERING OP 5 JAN 2026 OM 16:00

| | |
|---|---|
| **Verwelkoming** | Voorsitter verwelkom almal |
| **Teenwoordig** | Celéste Scheepers<br>Cecile van Rie<br>Ewald de Beer<br>Wynand du Plessis (Gas)<br>Gerrie Erasmus |
| **Verskonings** | Geen |
| **Sake voortspruitend** | Geen |

**Goedkeuring van Notule:**

15 Desember 2025 – voorgestel deur Cecile van Rie en gesekondeer deur Ewald de Beer

## AGENDA ITEMS

**1. Finansies**

- **Lede se Jaargeld**

Daar is tans 57 lede waarvan 4 lede tot op hede nog nie betaal het nie.

Hulle is Henk Roets, Hannies Ferreira, Frans van Rensburg en Hannes Bester.

Bert is nog nie lid van 'n golfklub nie en moet verwyder word van die lys.

Lede moes teen 31 Desember 2025 betaal het. Die lede wat nie betaal het nie sal gestroop word van alle regte. Hulle regte sal herstel word wanneer hulle betaal. Indien hulle teen 30 Junie 2026 nie betaal het nie sal hulle lidmaatskap beeindig word.

Richard Heidenrich het R400 betaal vir 2026.

Ewald sal 'n e-pos uitstuur met die nuutste naamlys.

- **State na Finansiële beampte**

Die finansiële state is opgestel en word Maandag 12 Januarie 2026 voorgelê vir verifiering. Die state hoef nie geoudit te word nie.

## 2. Pentagonal LOC

Uitnodigings is uitgestuur. Elke streek is ingelig oor hulle allokasie van spelers. Streke moet laat weet watter allokasie hulle gaan benut. Daarna kan ons wysigings aan die getalle aanbring.

Celeste het ook op verskeie platvorms verneem hoeveel van ons eie lede wil deelneem. Tot op hede is 7 aansoeke ontvang. Verdere meningsopname sal na die jaarvergadering uitgestuur word.

## 3. Algemene Jaarvergadering

### 3.1 Kennisgewing

Kennisgewing van die algemene jaarvergadering is uitgestuur. Kennisgewing is ook by die golfbaan op die kennisgewingbord aangebring.

Agenda vir die algemene jaarvergadering sal Donderdag versprei word.

Jaarprogram moet deur die lede op die algemene jaarvergading goedgekeur word. Ons voorsien nie veranderinge nie.

### 3.2 Mosies

3.2.1 Toelating van elektroniese stemming. Hierdie mosie sal nie toegelaat word nie omdat daar reeds op die dag ‘n stelsel vir elektroniese stemme geloods sal word. Spelers wat nie die AJV kan of wil bywoon nie sal die geleentheid kry om steeds te stem vir mosies indien hulle sou wou.

3.2.2 Daar is ‘n mosie wat versoek dat daar gestem word oor of 50% of 60% van die wedstryde moet tel vir Speler van die Jaar.

3.2.3 Daar is ook ‘n mosie oor of die klub kampioenskap moet tel vir Speler van die Jaar, al dan nie.

3.2.4 Nelus Rossouw het ‘n mosie ingedien dat lede tydens kompetisies mag speel saam met wie hulle wil. Celeste voel dat so ‘n mosie teen die gees van Sages sal wees en het dit ook met die NUK opgeneem wat aangedui het dat so ‘n mosie nie voorgelê moet word by die AJV nie.

### 3.3 Spelformaat

Celeste stel voor dat daar 10 wedstryde IPS gespeel word, waar streng reëls gevolg sal word en waar spelers onwillekeurig ingedeel sal word in speel groepe. Die ander wedstryde sal in Beterbal formaat wees waar spelers dan hul speelmaat sal kan kies. Hierdie kompetisies sal dan nie in ag geneem word vir speler van die jaar kompetisie nie. Die reels van ‘n Betterbal is te buigsaam en nie geskik vir insluiting vir die kompetisie vir Speler van die Jaar nie. Word gesekondeer deur Ewald de Beer.

### 3.4 Speler van die Jaar

Reeds hanteer onder mosies.

4. **Nabetragting van vorige maand**

Formele klagte:Celeste lees haar formele klagte voor.

Dit handel oor ‘n insident by ‘n vorige golfdag op Hankey. Hein Vermeulen het tydens ‘n toespraak na afloop van die Kouga Warriors se prysuitdeling neerhalende uitlating gemaak oor die Sages en Kouga Sages. Die komitee het besluit dat hy voor 21 Januarie 2026 voor die komitee moet verskyn om sy saak te stel in terme van die Sages se konstitusie waarna die komitee ‘n besluit sal neem oor sy voortgesette lidmaatskap of gepaste sanksie.

5. **Korrespondensie**

Veranderinge aan die jaarprogram is reeds onder punt 3.1 bespreek.

6. **Komende Gebeure**

Die verspreiding van die Algemene Jaarvergadering se agenda is reeds onder punt 3.1 bespreek.

7. **Nuwe Lede**

Les van Aarde is ‘n nuwe lid wat saam met die komitee moet speel.

Ander voornemende lede wat aansoeke gerig het, het belangstelling verloor en sal van voor af moet aansoek doen.

8. **Bedankings**

Die volgende lede se bedankings is aanvaar. Gerhard Barkhuizen, Bert Ford en Siggi Krause.

9. **Naamplaatjies**

Mike Van Rooyen se naamplaatjie is bestel.

**Volgende Vergadering: 2 Februarie 2026**

*CScheepers*
**VOORSITTER**

**5 JANUARIE 2026**
**DATUM:**